

Gebruiksvoorwaardes  
& Kopiereg

**SuprOnet**

Ideas Design Function

# Outeursregkennisgewing

SUPROKON Bestuursdienste BK (CK1990/012552/23) is 'n verskaffer van bestuurs- en besigheidsdienste met kantore in Centurion. Benewens bestuurskonsultasie- dienste lewer SUPROKON ook webontwerp, webhuisvesting en verwante dienste deur sy SuproNet afdeling, wat ook die handelsname CenturioNet, BesigheidCenturion en BusinessCenturion gebruik op verskeie webwerwe.

SUPROKON Bestuursdienste BK is die eienaar van hierdie SuproNet webwerwe (hierna verwys as die "Eienaar").

## 1. Eiendomsreg

Daar word baie tyd en moeite spandeer op die ontwikkeling, samestelling, uitbreiding en onderhoud van die SuproNet webwerwe. Alle inhoud, uitleg, samestelling, grafiese werke, artistieke werke en foto's wat op die SuproNet webwerwe beskikbaar en gepubliseer is, is onderhewig aan outeursregbeskerming.

Tensy uitdruklik anders aangedui is, of outomaties anders bepaal word ingevolge kontraktuele verhoudinge of die Outeursregwet 98 van 1978, behoort die outeursreg in die SuproNet webwerwe aan SUPROKON Bestuursdienste BK.

Alle gebruik van enige outeursregwerke wat op die SuproNet webwerwe beskikbaar of gepubliseer is, is onderhewig aan die terme en voorwaardes uiteengesit in hierdie kennisgewing.

## 2. Erkenning van Bronne

Die Eienaar gee graag erkenning aan alle bronne wat gebruik is vir die ontwikkeling van die SuproNet webwerwe. Daar is gepoog om op elke bladsy erkenning te gee aan die bronne wat bygedra het tot die inligting op daardie bladsy. Indien ons nagelaat het om 'n bron te erken, vra ons by voorbaat om verskoning en nooi u om dit onverwyld [aan te meld](#) sodat ons die saak kan regstel.

## 3. Algemene gebruiksvoorwaardes

Die volgende gebruik van die materiaal wat op die SuproNet webwerwe verskyn is gemagtig:

- Toestemming word hiermee verleen vir redelike en billike gebruik en reprodusering van die gepubliseerde inligting, insluitend grafiese elemente, vir persoonlike gebruikdoeleindes, of vir doeleindes van akademiese studie of opleiding.
- Indien enige materiaal op die SuproNet webwerwe gebruik of gereproduseer word vir akademiese onderrig of opleidingsdoeleindes, moet die SuproNet webwerwe en outeur voldoende erkenning verleen word as bron.
- Indien u die materiaal vir enige ander doeleindes as akademiese studie en persoonlike doeleindes wil gebruik, is skriftelike toestemming van die Eienaar vooraf nodig. Rig sodanige versoeke aan [SuproNet](#).

Die volgende gebruik van die materiaal wat op die SuproNet webwerwe verskyn word uitdruklik verbied:

- Gebruik van materiaal vir enige kommersiële doeleindes, hetsy met die oog op wins of sonder winsbejag.
- Gebruik van die materiaal deur enige staats-, regerings- of politieke organisasie.
- Gebruik van die materiaal op enige webwerf wat nie onder die beheer of eienaarskap is van die Eienaar.
- "Framing" van enige van die bladsye van die SuproNet webwerwe of gebruik van enige ander tegniek waarvolgens enige inhoud van die SuproNet webwerwe aangebied word as deel van 'n ander webwerf.
- Gebruik van die foto's en ander grafiese elemente vir enige ander doeleindes as persoonlike gebruik en akademiese studie.

Alhoewel die SuproNet webwerwe inligting mag reflekteer wat in die publieke domein is, moet in ag geneem word dat die Eienaar geld, tyd en moeite spandeer het om die inligting te bekom, voor te stel, op te dateer, en te publiseer op die SuproNet webwerwe. Die outeursreg in die spesifieke uitleg en voorstelling van die inligting (soos tabelle, grafieke, ens.) wat op die SuproNet webwerwe verskyn behoort egter aan die Eienaar en, onderhewig aan die bepalings hierbo, mag dit nie sonder vooraf skriftelike goedkeuring van die Eienaar in die formaat gebruik of gereproduseer word nie.

## 4. Skermskutte, muurpapier en kalenders

Waar daar voorsiening gemaak word op die SuproNet webwerwe om elektroniese lêers af te laai en te gebruik as skermskutte, muurpapier en/of kalenders, mag sodanige elektroniese lêers gratis afgelaai en gebruik word vir persoonlike en nie-kommersiële doeleindes, vir 'n onbepaalde tyd, op die gebruiker se eie risiko. Herverspreiding deur middel van 'n ander webwerf word streng verbied.

Die elektroniese voorstellings en fotos van kunswerke is bekom met die toestemming van die kunstenaars, en die gebruiksvoorwaardes ingevolge hierdie kennisgewing, is sodanig ooreengekom met die kunstenaars.

Outeursreg met betrekking tot die samestelling en uitleg van die fotos en kalenders wat die kunswerke vertoon, en die skep van die elektroniese lêers, behoort egter aan die Eienaar, en dit mag nie op enige wyse verander word nie. Onderhewig aan die bepalings hierbo, mag geen onderdeel daarvan, insluitende grafiese elemente, tegnies onttrek of afsonderlik gebruik word nie.

Die Eienaar aanvaar geen verantwoordelikheid vir die gebruik van die elektroniese lêers nie en bied geen tegniese ondersteuning vir die gebruik daarvan nie. Die lêers is geskep op 'n elektroniese stelsel wat beskerm word deur 'n virusoetser, maar gebruik daarvan is op eie risiko.

## 5. Voorbehoud van regte

Geen optrede, of versuim om op te tree, of weiering of nalatigheid van die Eienaar om sy outeursreg af te dwing mag beskou word as 'n vergunning of kwyrskelding wat gemaak word in terme van enige van hierdie kennisgewing se bepalings, of dat die Eienaar afsien van enige van sy regte nie. Die Eienaar mag ook van tyd tot tyd wysigings aanbring met betrekking tot hierdie kennisgewing. Die Eienaar se regte word streng voorbehou.